Bejaarde ma se droom word waar

Skool genoem na vryheidsvegter

Inge Kühne

"Die herinnering aan die tenger, lydende vrou wat voor die Waarheid-en-Versoeningskommissie getuig het, bring vir my net soveel pyn soos die onmenslikhede van die verlede."

Só het pres. Nelson Mandela gister by die hernoeming van die Ahmed Timol Secondary School in Azaadville, Krugersdorp, sy gevoel beskryf oor die versoek van Timol se bejaarde ma aan die WVK dat die skool na hom genoem word.

Mev. Hawa Timol is kort ná haar verskyning voor die WVK dood, maar haar ander seuns was gister by die seremonie getuies van Azaadville se poging om Timol se nagedagtenis te laat voortleef.

Mandela het die skool, voorheen die Azaadville Secondary School, amptelik hernoem na dié vryheidsvegter wat meer as 27 jaar gelede in die ouderdom van 30 dood is terwyl hy deur die veiligheidspolisie ondervra is.

Timol het in Oktober 1971 uit 'n venster op die tiende verdieping van die destydse John Vorsterplein-polisiekantoor geval. Volgens die veiligheidspolisie het hy glo selfmoord gepleeg, maar dié weergawe is nooit deur Timol se medestryders aanvaar nie.

"Dit was meer as duidelik dat Timol en sy mede-aangehoudene en vriend, Mohamed Salim Essop, voor sy dood erg aangerand is deur die veiligheidspolisie. Daar is bewerings dat 'n polisieman Timol laat val het terwyl hy hom aan sy bene by die venster laat uithang het," het dr. K.C. Naik, 'n voormalige kollega van Timol, gister gesê.

"Ek glo dié weergawe, want hulle het my ook erg aangerand en gedreig om my by 'n venster te laat uithang terwyl ek by John Vorsterplein aangehou is," het hy gesê.

Mandela het gesê Timol was 'n dapper jong man wat geglo het in vryheid en geregtigheid.

"Ek kan nie help om te wonder wat van hom sou geword het nie. Sou hy 'n pa gewees het en dalk 'n onderwyser by hierdie skool?" wou Mandela weet.

Honderde leerlinge, ouers en inwoners van Azaadville het Mandela jillend by sy motor gaan wegsien toe hy kort ná die seremonie vertrek het.

"Vir ons is dit tegelyk 'n blye en 'n hartseer dag. My ma sou verheug gewees het om dit te sien," het mnr. Mohamed Timol, Timol se broer, gesê.

Hy het die skool en gemeenskap bedank vir die eerbetoon.

■ ikuhne@mweb.co.za



'n Leerling van die Ahmed Timol Secondary School in Azaadville, Krugersdorp, hang 'n blomkrans om pres. Nelson Mandela se nek op die hernoemingseremonie van die skool. Foto: SCHALK VAN ZUYDAM

ma se' ord waar

vryheidsvegter

eidspolisie on-

ber 1971 uit 'n
de verdieping
John Vorster-
geval. Volgens
ie het hy glo
naar dié weer-
Timol se mede-

uidelik dat Ti-
gehoudene en
Salim Essop,
gerand is deur
e. Daar is be-
sieman Timol
y hom aan sy
laat uithang
k, 'n voormali-
l, gister gesê.
we, want hulle
gerand en ge-
venster te laat

uithang terwyl ek by John Vorsterplein aangehou is," het hy gesê.

Mandela het gesê Timol was 'n dapper jong man wat geglo het in vryheid en geregtigheid.

"Ek kan nie help om te wonder wat van hom sou geword het nie. Sou hy 'n pa gewees het en dalk 'n onderwyser by hierdie skool?" wou Mandela weet.

Honderde leerlinge, ouers en inwoners van Azaadville het Mandela jillend by sy motor gaan wegsien toe hy kort ná die seremonie vertrek het.

"Vir ons is dit tegelyk 'n blye en 'n hartseer dag. My ma sou verheug gewees het om dit te sien," het mnr. Mohamed Timol, Timol se broer, gesê.

Hy het die skool en gemeenskap bedank vir die eerbetoon.

■ ikuhne@mweb.co.za



Ahmed Timol Secondary School in Azaadville, 'n blomkrans om pres. Nelson Mandela se nek seremonie van die skool. Foto: SCHALK VAN ZUYDAM